



NOORDELIKE HELPMEKAAR-STUDIEFONDS (“FONDS”) AKTE VAN BORGSTELLING

Ons, die ondergetekendes (Borge)

1. Volle Naam _____

Identiteitsnommer _____

Adres _____

2. Volle Naam _____

Identiteitsnommer _____

Adres _____

verbind ons hiermee, gesamentlik en afsonderlik, as borge en mede-hoofskuldenaars tot die terugbetaling op aanvraag van enige som of somme geld wat _____ (“die lener”) nou, of van tyd tot tyd hierna, aan die Fonds, sy regsopvolgers of regsverkrygenes om welke rede ook al verskuldig mag wees.

Ons verbind ons verder tot die getroue nakoming deur die lener van al die verpligtinge vervat in die Leningsooreenkoms wat deur die lener onderteken is.


Ons algehele aanspreeklikheid word beperk tot die bedrag van R_____ plus enige premies wat volgens die Leningsooreenkoms deur die Fonds betaal is, en enige rente en koste verskuldig deur die lener; en ons doen hiermee afstand van die voordele “ordinis seu excussionis et divisionis”(verdeling en uitskudding), “*non numeratae pecuniae*” (dat die geld nie uitbetaal is nie); “*non causa debiti*” (dat daar nie ‘n wettige skuldoorsaak is nie); “*errore calculi*” (dat daar ‘n berekeningsfout is), hersiening van rekeninge en geen waarde ontvang. Ons bevestig dat ons die betekenis ten volle begryp en dat elk van ons ten volle aanspreeklik is vir die volle bedrag wat deur die lener verskuldig is, en dat in geval hy/sy in gebreke bly om enige verskuldigde bedrag te betaal, bogenoemde Fonds geregtig sal wees om die bedrag van elk van ons afsonderlik te vorder, sonder om eers wetlike stappe te doen om die bedrag van die lener te verhaal. Ons stem verder toe dat geen uitstel vir die betaling of enige ander vergunning hoegenaamd wat deur bogenoemde Fonds aan die lener toegestaan word, ons onthef van ons verpligtinge kragtens die Akte nie.

Ons kies hiermee ons adresse soos wat dit hierbo verskyn as ons gekose domicilia et executandi (die adres waar ons betekening van alle dokumente wat op ons van toepassing mag wees in hierdie aangeleentheid sal aanvaar) en onderneem ons om die Fonds skriftelike in kennis te stel indien ons die adres soos hierbo vermeld wil wysig.

Ons bevestig verder dat indien dit vir die Fonds nodig is om regsaksie teen ons in te stel wat voortspuit uit hierdie borgakte ons die regskoste van die Fonds sal betaal op die skaal soos tussen prokureur en kliënt.

1. Geteken deur voornoemde borg _____

te _____ op hede die _____ dag van _____ 20__



Geteken voor my

Handtekening van Borg

Kommissaris van Ede

2. Geteken deur voornoemde borg _____

te _____ op hede die _____ dag van _____ 20 __

Stempel
KvE

Geteken voor my

Handtekening van Borg

Kommisaris van Ede